

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
 EXTRAORDINARY
 OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 Vrydag 1 Julie 1988 WINDHOEK Friday 1 July 1988 No. 5570

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
ALGEMENE KENNISGEWING		GENERAL NOTICE	
No. 92 Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Dreineringsregulasies	1	No. 92 Municipality of Windhoek: Amendment of Drainage Regulations	1

Algemene Kennisgewing

General Notice

No. 92	1988	No. 92	1988
MUNISIPALITEIT WINDHOEK: WYSIGING VAN DREINERINGS- REGULASIES		MUNICIPALITY OF WINDHOEK: AMENDMENT OF DRAINAGE REGULATIONS	

Die raad van die Munisipaliteit Windhoek het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 208 van 1930, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysiging is deur die Minister van Finansies en Owerheidsake goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Die "SKAAL VAN TARIEWE VIR DIE GEBRUIK VAN RIOOLPYPE, RIOLE OF

The Council of the Municipality of Windhoek has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 208 of 1930 as set out in the Schedule.

The said amendment has been approved by the Minister of Finance and Governmental Affairs under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

The "TARIFF OF CHARGES FOR USE OF DRAINS, SEWERS OR SEWERAGE WORKS

RIOLERINGSWERKE IN DIE MUNISIPALE GEBIED WINDHOEK" word hierby deur die volgende tariewe vervang:

"TARIEWE

Vir doeleindes van hierdie tariewe beteken:

"konsumptiewe verbruik" die gedeelte water wat deur die verbruiker op sy perseel gebruik word vir enige doeleindes en wat nie gestort word in die rioolstelsel van die raad nie;

"nywerheidsuitvloei" enige vloeistof, ongeag of dit stowwe in suspensie bevat, wat tydens of as gevolg van 'n nywerheids-, handels-, vervaardigings-, mynbou- of chemiese proses of 'n laboratorium-, navorsings- of landbou-aktiwiteit afgegee word; dit sluit enige vloeistof uitgesonderd rioolvuil of stormwater in;

"rioolnetwerk" die hoofriole, rioolpype en riole van die raad;

"rioolvloei" rioolvuil en nywerheidsuitvloei gesamentlik soos behandel by die rioleringswerke van die raad;

"rioolvuil" alle water wat regtens in die rioolnetwerk van die raad gestort mag word, volgens hierdie regulasies uitgesonderd stormwater en nywerheidsuitvloei.

Die gebruikers van die raad se rioolnetwerk of rioleringswerke omvat die eienaar van vaste eiendom beskryf in regulasie 2, 'n standplaas, perseel, erf, onderverdeling of ander stuk grond met of sonder verbeterings, wat óf by enige riool van die raad aangesluit is óf volgens die mening van die raad daarby aangesluit kan word en die gelde betaalbaar ten opsigte van sodanige gebruikers van die raad se rioolnetwerk of rioleringswerke word ooreenkomstig onderstaande formules bereken:

1. Tariewe vir rioolvuil

$$B = \frac{A}{C} (D)$$

IN THE MUNICIPAL AREA OF WINDHOEK" is hereby substituted for the following tariffs:

"TARIFFS

For the purposes of these charges -

"consumptive use" means that portion of water used by the consumer on his premises for any purpose whatsoever and not being discharged into the sewerage system of the council;

"industrial effluent" means any liquid whether or not containing matter in solution or suspension which is given off in the course of or as a result of any industrial, trade, manufacturing, mining or chemical process or any laboratory, research or agricultural activity, and includes any liquid other than sewerage or storm-water;

"sewerage" means all the water which may legally be discharged into the sewerage system of the council in accordance with these regulations except storm-water and industrial effluent;

"sewage flow" means combined sewage and industrial effluent being treated at the sewage works of the council;

"sewerage system" means the main sewers, sewers and sewerpipes of the council.

The users of council's sewerage system and sewage-works shall include the owner in relation to immovable property defined in section 2, as well as the owner of any stand, lot, erf, subdivision or other area with or without improvements which either are, or in the opinion of the council can be connected to any sewer of the council and the charges payable in respect of such users of the council's sewerage system or sewage-works, shall be calculated in accordance with the following formulas:

1. Tariffs for sewage

$$B = \frac{A}{C} (D)$$

in welke formule -

B die bedrag rioolfooie in rand voorstel wat die verbruiker maandeliks aan die raad moet betaal;

A die afloop van rioolvuil van die verbruiker voorstel wat maandeliks in m³ gemeet word: Met dien verstande dat waar rioolvuil nie gemeet word nie, die raad die rioolvuil volgens die ontwerpvloeisifers van die rioolstelsel kan bepaal of dit kan bereken volgens 'n persentasie van die gemete waterverbruik in m³ wat deur die verbruiker gebruik is in die betrokke maand;

C die totale gemiddelde maandelikse rioolvloei van alle verbruikers gemeet in m³ by die rioleringswerke van die raad vir die voorafgaande kalenderjaar voorstel: Met dien verstande dat gemelde totale rioolvloei met 4% vermeerder word ten einde voorsiening te maak vir die jaarlikse toename in rioolvloei na die rioleringswerke;

D die totaal van die gemiddelde maandelikse koste in rand verbonde aan die bedryf en instandhouding van die rioolnetwerk en rioleringswerke van die raad voorstel:

Met dien verstande dat die maandelikse koste in rand bereken word op die begrote uitgawes van die raad.

Ontwerpvloeisifers vir toepassing in formule vir rioolvuil:

(a) Woonhuise op erwe:

Kleiner as 400 m ²	12,5 m ³ /maand
400 m ² tot 900 m ²	15,0 m ³ /maand
groter as 900 m ²	18,0 m ³ /maand

(b) Woonstelle:

12 m³/wooneenheid per maand

(c) Koshuise, kinderhuise en liefdadigheidsinrigtings:

4 m³ /persoon per maand

in which formula -

B represents the monthly sewerage rate in rand which is payable by the consumer to the chouncil;

A represents the flow of sewage of the consumer which is monthly measured in m³: Provided that in the event the said sewage not being measured, the council may calculate the sewage in accordance with the design flow figures of the sewerage system or it can be calculated on a percentage basis of the measured water consumption in m³ of the consumer for the said month.

C represents the average monthly total sewage flow of all the consumers measured in m³ at the sewage works of the council for the preceding calendar year: Provided that the said total sewage flow will be increased with 4% to provide for the annual increase of sewage flow to the sewage works.

D represents the total of the average monthly costs in rand attached to the maintenance and operational expenses of the sewerage system and the sewage works of the council: Provided that the monthly costs in rand be calculated on the estimated expenses of the council.

Design flow figures applicable in the above-mentioned formula for sewage:

(a) Dwellings on erven:

Smaller than 400 m ²	12,5 m ³ /month
400 m ² to 900 m ²	15,0 m ³ /month
exceeding 900 m ²	18,0 m ³ /month

(b) Flats:

12m³ /residential unit per month

(c) Hostels, boarding schools, children's homes and welfare institutions:

4 m³ /person per month

- | | |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>(d) Hospitale, tehuise, verpleegsterskwartiere en kraaminrigtings:</p> <p>6 m³ /bed per maand</p> | <p>(d) Hospitals, institutions, nursing homes and maternity wards:</p> <p>6 m³ /bed per month</p> |
| <p>(e) Opvoedkundige inrigtings (dagstudente):</p> <p>1 m³ /persoon per maand</p> | <p>(e) Educational institutions (day students):</p> <p>1 m³ /person per month</p> |
| <p>(f) Kerke en kerksale wat slegs vir godsdienstige doeleindes gebruik word:</p> <p>18 m³ /maand</p> | <p>(f) Churches and church halls used for religious purposes only:</p> <p>18 m³ /month</p> |
| <p>(g) Alle ander gebruike nie gedefinieer in paragrawe (a) - (f) nie, soos losieshuise, enkelkwartiere, huurkamerhuise, hotelle, gevangnisse, kantore, besighede, nywerhede, staatsgeboue, munisipale geboue, sportterreine, sportklubs en weermagbassise:</p> <p>Maandelikse waterverbruik in m³ gemeet min toelating vir konsumptiewe verbruik: Met dien verstande dat die minimum betaalbare heffing nie minder mag wees soos betaalbaar vir woonerwe groter as 900 m².</p> | <p>(g) Other uses not defined in paragraphs (a) - (f) such as boarding houses, single quarters, rooms, lodger houses, hotels, prisons, offices, businesses, industries, government buildings, municipal buildings, sport fields, sport clubs and army basis:</p> <p>The monthly waterconsumption measured in m³ less an allowance for consumptive use: Provided that the minimum charge may not be less than the tariff charged for residential erven larger than 900 m².</p> |
| <p>(h) Alle vakante residensiële erwe word bereken volgens ontwerpafloopsyfers genoem in paragraaf (a).</p> | <p>(h) All vacant residential erven will be calculated in accordance with the design flow figures stated in paragraph (a).</p> |
| <p>(i) Alle ander vakante erwe — 20 m³/1 000 m² erfoppervlakte of gedeelte daarvan.</p> | <p>(i) All other vacant erven — 20 m³ /1 000 m² erf area or a portion thereof.</p> |
| <p>(j) Addisionele toelating vir swembaddens — 1 m³ /maand.</p> | <p>(j) Additional allowance for swimming-pools — 1 m³ /month.</p> |

2. Tariewe vir Nywerheidsuitvloei

- (a) Die eenaar van enige nywerheidsperseel waarop enige bedryf of vervaardigingsproses uitgeoefen word en waarvandaan daar, as gevolg van sodanige bedryf of vervaardigingsproses nywerheidsuitvloei in die raad se rioolnetwerk vloei, moet behalwe die tariewe wat volgens tarief 1 betaalbaar is, 'n verdere heffing betaal ten opsigte van die behandeling daarvan by die raad se rioolingswerke.

2. Industrial Effluent Tariffs

- (a) The owners of industrial premises on which trade or manufacture is carried on and from which, as a result of such trade or manufacture and industrial effluent is discharged in the council's sewerage system shall in addition to the tariffs set out in paragraph 1, pay a further charge for the treatment thereof at the council's sewerage works.

Hierdie heffing word gebaseer op die "sterkte" van sodanige nywerheidsuitvloeisel soos vasgestel uit een of meer verteenwoordigende saamgestelde monsters, deur die stadsingenieur geneem oor 'n minimum tydperk van 4 uur die voorafgaande maand. Die helfte van die saamgestelde monsters wat vir ontleding deur die stadsingenieur geneem is, moet aan die eienaars van die persele oorhandig word; indien hulle dit vir kontrole doeleindes nodig het.

(b) Die "sterkte" van die saamgestelde monsters uitgedruk in dele per miljoen (d.p.m.) suurstof wat in 4 uur teen 27°C uit N/80 suurkaliumpermanganaat geabsorbeer word, word deur die stadsingenieur vasgestel. Hierdie vasstelling moet uitgevoer word ooreenkomstig die voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde se spesifikasie SABS 247-1951.

(c) Die nywerheidsuitvloeiselheffing word ooreenkomstig die volgende formule bereken:

$$N = \frac{ER}{C} \left(1 + 0,2 \frac{(PW-70)}{(70)} \right)$$

in welke formule —

N die nywerheidsuitvloeiselheffing voorstel wat die nywerheid maandeliks aan die raad in rand moet betaal;

E die afloop van nywerheidsuitvloeisel werklik in m³ gemeet voorstel: Met dien verstande dat waarnywerheidsuitvloeisel nie gemeet word nie die raad die nywerheidsuitvloeisel kan bereken volgens 'n persentasie van die gemete waterverbruik in m³ wat deur die nywerheid in die betrokke maand gebruik is;

C die totale gemiddelde maandelikse rioolvloei van alle verbruikers gemeet in m³ by die rioleringswerke van die raad vir die voorafgaande kalenderjaar voorstel: Met dien verstande dat gemelde totale rioolvloei met 4% vermeerder word ten einde voorsiening te maak vir die jaarlikse

This charge is based on the "strength" of such effluent as determined on one or more representative composite samples taken by the city engineer over a minimum period of 4 hours during the preceding month. One half of the composite samples taken for analysis by the city engineer shall be handed to the owners of the premises if required by them for checking.

(b) The "strength" of the composite sample in parts per million (p.p.m.) of oxygen absorbed from N/80 acid potassium permanganate at 27°C in 4 hours shall be determined by the city engineer. This determination shall be carried out as described in the South African Bureau of Standards Specification S.A.B.S. 247-1951.

(c) The charge for industrial effluent shall be calculated in accordance with the following formula:

$$N = \frac{ER}{C} \left(1 + 0,2 \frac{(PW-70)}{(70)} \right)$$

in which formula -

N represents the industrial effluent charge in rand which is monthly payable by the industry to the council.

E represents the flow of industrial effluent which is measured in m³ monthly: Provided that in the event of the said industrial effluent not being measured, the council may calculate the industrial effluent in accordance with a percentage basis of the measured waterconsumption in m³ used by the industry in any month.

C represents the average total monthly sewage flow of all the consumers measured at the sewage works of the council for the preceding calendar year: Provided that the said total sewage flow will be increased by

toename in rioolvloei na die rioleringswerke;

R die totaal van die gemiddelde koste in rand verbonde aan die bedryf en instandhouding van die rioleringswerke van die raad voorstel: Met dien verstande dat die maandelikse koste in rand bereken word op die begrote uitgawes van die raad;

PW die gemete permanganaatwaarde van nywerheidsuitvloei gemet in milligram per liter: Met dien verstande dat waar die gemete permanganaatwaarde laer is as 70 word die tweede term van vergelyking nul.

3. Opgawes, datum van betaling

- (a) Indien 'n persoon of persone van wie vereis word om 'n opgaaf of opgawes kragtens hierdie bylae te verstrek, in gebreke bly om sulks binne dertig dae te doen na kennisgewing onderteken deur die stadstoesourier, kan die raad vir die gebruik van die raad se riole sodanige gelde hef soos hy, kragtens hierdie tarief, redelik ag.
- (b) Alle gelde kragtens hierdie tarief gehef, is maandeliks betaalbaar.
- (c) In alle gevalle van geskil wat betref indeling, is die beslissing van die stadsingenieur finaal.

4. Nieteenstaande bogenoemde tariewe kan die raad enige dorpeienaar soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) vrystel van die betaling van sodanige tariewe ten opsigte van sodanige erwe en vir sodanige tydperk as wat die raad goed ag.

5. Nieteenstaande bogenoemde nywerheidsheffing kan die raad binne sy diskresie 'n maksimum korting van tot 50% aan bona fide-nyweraars toestaan vir 'n periode van 5 jaar na afkondiging van hierdie regulasies."

4% to provide for the annual increase of sewage flow to the sewage works.

R represents the total of the average monthly costs in rand attached to the maintenance and operational expenses of the sewage works of the council: Provided that the monthly costs in rand be calculated on the estimated expenses of the council.

PW represents the measure permanganate value of industrial effluent measured in milligram per litre: Provided that in the event of the measured permanganate value being lower than 70, the second term of definition shall be nil.

3. Returns, date of payment

- (a) Should any person or persons required to furnish a return or returns in terms of this Schedule fail to do so within thirty days after having been called upon to do so by notice under the hand of the city treasurer, the council may make such charge for the use of the council's sewers as, in terms of this tariff, appears to it to be reasonable.
- (b) All charges made under this tariff shall be payable as determined by the council from time to time.
- (c) In all cases of dispute as to classification, the decision of the city engineer shall be final.

4. Notwithstanding the above-mentioned tariffs the council may exempt any township owner as defined in section 1 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 from payment of such tariffs in respect of such erven and for such period as the council may deem fit.

5. Notwithstanding the above-mentioned industrial effluent tariffs the council may, in its discretion, grant a maximum rebate not exceeding 50% to bona fide industrialists for a period of 5 years from the commencement of these regulations. "